**Saterdag 24 November**

| **Skrifgedeelte: Sagaria 12:1-8** | **Fokusgedeelte: Sagaria 12:5** |
|---|---|

# Die krag van die inwoners van die land lê in hulle God, die Here die Almagtige

Voel dit soms asof ons geliefde land gekaap word? Die regering wat die burgers moet dien, het gewetenlose rowers geword wat hulle eie land plunder. Die landsburgers staan verbysterd en toekyk hoe die ondenkbare gebeur sonder dat reg en geregtigheid geskied. Skelmstreke het 'n deug geword en die vuisvoos samelewing voel magteloos.

Hoop word gevestig op opposisiepartye, op politieke verlossing, terwyl opstand al meer onder die oppervlak broei en plek-plek in sinnelose dade van geweld oorkook. So word die land deur sy eie regeerders beleër en lamgelê.

God se volk, Juda, word bedreig deur die nasies van die aarde. Maar dan spreek God deur sy profeet. Hy herinner sy volk aan Wie Hy is. Hy is die Een wat die *hemelkoepel oopgespan en die aarde op sy fondamente gesit het*. Hy is die Een van die lewe skenk. Oor sy uitspraak kan daar dus geen twyfel wees nie. Sy almag skitter in sy skeppingswerk en sy krag vloei in die are van elke lewende wese.

Sy uitspraak is een van verlossing en beskerming. Daarom sal die leiers weet: "Die krag van die inwoners van *die land* lê in hulle God, die Here die Almagtige."

Aan God se uitspraak kan ons ook vasgryp. Op Hom alleen kan ons vertrou en saam met Hom kan ons 'n toekoms bou. Sy redding is immers in Christus reeds ons deel.

*Sing: Psalm 147-1:1, 2*

*Ds. Dirk Pansegrouw (Hoëveld)*